VERKORTE ONGEOUDITEERDE GEKONSOLIDEERDE INTERIM RESULTATE EN KONTANT DIVIDEND VERKLARING

vir die ses maande geëindig 31 Desember 2010

Inkomste +13.3%

Verwaterde wesensverdienste per aandeel +9.5%

FINANSIËLE- EN HANDELSVERRIGTING

Spur Corporation het sterk groei in inkomste van 13.3% tot R203.3 miljoen getoon, danksy nuwe restaurant-openinge, die bekendstelling van die Spur Family Card lojaliteitsprogram, 'n toename in gereelde verbruikersbesoeke en waarde-gebaseerde promosie veldtogte.

Spur Steak Ranches se restaurantomset het toegeneem met 11.1%, Panarottis Pizza Pasta met 5.3% en John Dory's Fish & Grill met 11.3%. Konsessiefooi inkomste in Spur het toegeneem met 11.3% tot R70.2 miljoen, Panarottis met 6.8% tot R6.0 miljoen en John Dory's met 10.8% tot R5.0 miljoen.

Voedselpryse was relatief stabiel vir die grootste gedeelte van die periode en daar was geen spyskaart prysverhogings gedurende die afgelope ses maande in Suid-Afrika nie.

Handelstoestande in die internasionale markte was meer uitdagend as in die plaaslike omgewing, vererger deur die uiterste weersomstandighede in die Verenigde Koninkryk in Desember, wat 'n invloed gehad het in verskeie restaurante. Internasionale inkomste, bestaande uit konsessie-fooi inkomste en restaurantomset, het toegeneem met 16.3% tot R57.5 miljoen. Die opening van twee nuwe restaurante (wat een groep-beheerde kleinhandelstak insluit) en die konsolidasie van drie bykomende bestaande restaurante het tot hierdie toename bygedra.

Vervaardigings- en distribusie inkomste was 14.4% hoër teen R54.9 miljoen. Die groep se vervaardigingsaktiwiteite is gekonsolideer in een fasiliteit in Kaapstad. Na die verslagdoeningsdatum is die gebou in Johannesburg vir R16.75 miljoen verkoop, en 'n gebou in Kaapstad vir R10.0 miljoen aangeskaf om die groep se dekor vervaardiging te huisves.

Wins voor inkomstebelasting het toegeneem met 6.5% tot R72.9 miljoen. Vergelykbare bedryfswins voor finansieringsinkomste, wat abnormale eenmalige items uitsluit, het gegroei met 11.5%. Hierdie eenmalige items hou hoofsaaklik verband met die oprigtingsfooie van nuwe internasionale maatskappy-beheerde kleinhandelstakke van R3.5 miljoen en die koste verbonde aan die sentralisering van die vervaardigingsfasiliteite van R1.1 miljoen.

Wesensverdienste vir hierdie periode het toegeneem met 7.4% tot R48.7 miljoen, terwyl verwaterde wesensverdienste per aandeel toegeneem het met 9.5% tot 55.28 sent. Die direkteure het 'n tussentydse dividend van 33.0 sent per aandeel verklaar.

RESTAURANTGROEI

Die groep het sy restaurantbasis vergroot tot 367 eenhede. Die uitbreiding van die plaaslike Spur restaurantbasis het die opening van kleiner formaat restaurante in Wellington, Meyerton en Bredasdorp ingesluit.

Internasionaal is 'n nuwe groep beheerde kleinhandelstak, in Gateshead (Engeland) en 'n nuwe konsessie Spur restaurant in Ezulwini (Swaziland) geopen. Die Spur in Belfast (Noord-Ierland) is omskep van 'n konsessie- tot 'n groep beheerde kleinhandelstak en die groep het ook die oorblywende 50% aandeelhouding van die Spur in Penrith (Australië) bekom. Die Panarottis restaurant in Mingara (Australië), waarin die groep 'n minderheidsbelang gehad het, is verskuif na 'n beter handelsomgewing in Tuggerah, met 'n positiewe impak op omset, en die groep het nou 'n meerderheidsbelang in die restaurant.

'n Opsomming van die groep se restaurant-basis soos op 31 Desember 2010 is as volg:

Konsessie-handelsmerk	Suid-Afrika	Internasionaal	Totaal
Spur Steak Ranches	250	33	283
Panarottis Pizza Pasta	50	6	56
John Dory's Fish & Grill	28	-	28
Totaal	**328**	**39**	**367**

VOORUITSIGTE

Alhoewel verbruikersoptimisme toegeneem het danksy laer rentekoerse en onlangse laer vlakke van inflasie, bly swaar skuldlaste, stygende brandstof-, dienste- en voedselpryse, asook hoër inflasie verwagtinge steeds 'n uitdaging. In hierdie omgewing sal groei in verkope gedryf word deur volgehoue waarde-toevoegings- en innoverende promosies. Dit sluit in 'n ontbyt-aanbod by Spur, waarde-aanbiedinge gedurende die week by Panarottis en oor naweke vir die gesin by John Dory's.

'n Spur restaurant sal geopen word in Lilongwe (Malawi) en geleenthede in ander areas in Afrika word tans geëvalueer. Geen nuwe restaurante word beplan vir die Verenigde Koninkryk of Australië gedurende die res van die finansiële jaar nie. Plaaslik sal die groep voortgaan met sy restaurant-uitbreidings en opknappingsprogram.

INTERIM KONTANT DIVIDEND VIR DIE SES MAANDE TOT 31 DESEMBER 2010

Ooreenkomstig die algemene magtiging verleen aan die direkteure by die algemene jaarvergadering gehou op 10 Desember 2010, word aandeelhouers in kennis gestel dat die raad van direkteure van die maatskappy 'n kontant dividend van R32.2 miljoen betaalbaar aan die maatskappy se aandeelhouers verklaar het, wat gelykstaande is aan 33.0 sent per gewone aandeel.

Die kontant dividend sal betaal word op Maandag, 28 Maart 2011, aan die aandeelhouers van die maatskappy wat op Vrydag, 25 Maart 2011 ("die rekorddatum"), in die maatskappyregister aangeteken is.

Die laaste dag waarop die maatskappy se aandele cum die uitkering verhandel mag word met die doel om op die uitkering geregtig te wees sal op Donderdag, 17 Maart 2011, wees. Die aandele sal op Vrydag, 18 Maart 2011, ex die uitkering begin verhandel.

Aandelesertifikate mag nie tussen Vrydag, 18 Maart 2011, en Vrydag, 25 Maart 2011, beide dae ingesluit, gedematerialiseer of rematerialiseer word nie.

Vir en namens die Raad
A Ambor (Uitvoerende Voorsitter)
P van Tonder (Besturende Direkteur)

Kaapstad
1 Maart 2011

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

R'000	Ongeouditeerd vir ses maande geëindig 31/12/10	Ongeouditeerd vir ses maande geëindig 31/12/09	% Verandering	Geouditeerd vir jaar geëindig 30/06/10
Inkomste	**203 302**	**179 450**	**13.3**	**348 024**
Bedryfswins voor finansierings inkomste	**70 654**	65 854	7.3	118 549
Netto finansierings inkomste	**2 287**	2 658		4 380
Wins voor inkomstebelasting	**72 941**	68 512	6.5	122 929
Totale inkomstebelasting uitgawe	**(24 473)**	(22 693)		(44 562)
Wins vir die periode	**48 468**	**45 819**	**5.8**	**78 367**
Ander omvattende verliese:	**(6 226)**	(6 130)		(14 093)
Wisselkoers verskille op die vertaling van buitelandse bedrywighede	**(7 472)**	(6 737)		(21 719)
Wisselkoers wins op netto bellegings in buitelandse filiale	**1 672**	814		10 236
Inkomstebelasting op wisselkoers wins op netto bellegings in buitelandse filiale	**(426)**	(207)		(2 610)
Totale omvattende inkomste vir die periode	**42 242**	**39 689**		**64 274**
Wins/(verliese) toeskryfbaar aan:				
Eienaars van die maatskappy	**48 748**	45 381		77 557
Nie-beherende belang	**(280)**	438		810
Wins vir die periode	**48 468**	**45 819**		**78 367**
Totale omvattende inkomste/(verliese) toeskryfbaar aan:				
Eienaars van die maatskappy	**42 501**	39 344		63 540
Nie-beherende belang	**(259)**	345		734
Totale omvattende inkomste vir die periode	**42 242**	**39 689**		**64 274**
Per aandeel (sent)				
Wesensverdienste	**55.48**	51.65	7.4	88.27
Verwaterde wesensverdienste	**55.29**	50.46	9.6	86.25
Dividend	**33.00**	32.00	3.1	60.00

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

R'000	Ongeouditeerd 31/12/10	Ongeouditeerd 31/12/09	Geouditeerd at 30/06/10
BATES			
Nie-bedryfsbates	**378 118**	402 119	382 609
Eiendom, aanleg en toerusting	**73 559**	87 689	75 184
Ontasbare bates en klandisiewaarde	**285 769**	279 714	279 609
Beleggings en lenings	**6 238**	15 075	14 533
Uitgestelde belasting	**10 586**	17 299	11 128
Bedryfshuur regte	**1 804**	2 342	2 155
Ander nie-bedryfsbates	**162**	-	-
Bedryfsbates	**181 873**	150 943	148 116
Voorraad	**4 915**	5 262	6 389
Belasting	**3 640**	4 120	3 600
Handels- en ander debiteure	**68 273**	65 577	53 499
Bates geklassifiseer as gehou vir verkoop	**15 012**	-	-
Kontant en kontantekwivalente	**90 033**	75 984	84 628
TOTALE BATES	**559 991**	**553 062**	**530 725**
EKWITEIT			
Totale ekwiteit	**420 606**	**407 177**	**403 295**
Gewone aandelekapitaal	**1**	1	1
Aandelepremie	**6**	6	6
Aandele teruggekoop deur filiaal maatskappye	**(29 910)**	(29 910)	(29 910)
Buitelandse valuta omskakelingsreserwe	**(11 376)**	2 851	(5 129)
Opgehoopte wins	**458 161**	429 956	434 015
Totale ekwiteit toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van houermaatskappy	**416 882**	402 904	398 983
Nie-beherende belang	**3 724**	4 273	4 312
AANSPREEKLIKHEDE			
Nie-bedryfslaste	**67 541**	63 583	64 569
Langtermyn lenings	**4 754**	9 289	7 181
Werknemers voordele	**91**	-	-
Bedryfshuur verpligting	**5 077**	3 271	3 328
Uitgestelde belasting	**57 619**	51 023	54 060
BEDRYFSLASTE	**71 844**	82 302	62 861
Oortrokke bankrekening	**3 997**	5 067	3 596
Belasting	**7 291**	20 185	4 832
Handels-en ander krediteure	**60 075**	55 302	53 969
Andeelhouers vir dividend	**481**	1 748	464
TOTALE EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE	**559 991**	**553 062**	**530 725**

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

R'000	Ongeouditeerd vir ses maande geëindig 31/12/10	Ongeouditeerd vir ses maande geëindig 31/12/09	Geouditeerd vir jaar geëindig 30/06/10
Bedryfswins voor bedryfskapitaal veranderinge	**74 416**	71 780	134 474
Bedryfskapitaal veranderinge	**(11 606)**	(2 229)	3 394
Kontant deur bedrywighede voortgebring	**62 810**	69 551	137 868
Netto rente ontvang	**2 287**	2 658	4 948
Belasting betaal	**(19 292)**	(18 094)	(49 528)
Uitkerings betaal	**(24 935)**	(47 970)	(80 708)
Kontanteffek van bedryfsaktiwiteite	**20 870**	6 145	12 580
Kontanteffek van beleggingsaktiwiteite	**(17 939)**	(16 193)	(13 574)
Kontanteffek van finansieringsaktiwiteite	**2 010**	(60)	771
Netto verandering in kontant en kontantekwivalente	**4 941**	(10 108)	(223)
Aanpassings vir wisselkoersveranderinge	**63**	(9)	221
Netto kontant en kontantekwivalente aan die begin van die periode	**81 032**	81 034	81 034
Netto kontant en kontantekwivalente aan die einde van die periode	**86 036**	**70 917**	**81 032**

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

R'000	Aandelekapitaal en aandelepremie (netto van tesourie aandele)	Ander reserwes	Opgehoopte wins en nie-beherende belang	Totaal
Balans op 1 Julie 2009	**(25 342)**	**29 442**	**430 220**	**434 320**
Totale omvattende (verlies)/inkomste vir die jaar	-	(14 017)	78 291	64 274
Wins vir die jaar	-	-	78 367	78 367
Ander omvattende verliese	-	(14 017)	(76)	(14 093)
Transaksies met eienaars, direk getoon in ekwiteit				
Bydraes van en uitkerings aan eienaars	(4 561)	(20 554)	(70 184)	(95 299)
Uitkerings aan aandeelhouers	-	-	(53 442)	(53 442)
Impak van aansporingskema (insluitende belasting)	(4 561)	-	(38 507)	(43 068)
Aandeel gebaseerde betalingstransaksies netto van belasting	-	1 211	-	1 211
Oordrag van aandeel gebaseerde betalingreserwe na opgehoopte wins	-	(21 765)	21 765	-
Balans op 1 Julie 2010	**(29 903)**	**(5 129)**	**438 327**	**403 295**
Totale omvattende (verliese)/inkomste vir die periode	**-**	**(6 247)**	**48 489**	**42 242**
Wins vir die periode	**-**	-	**48 468**	**48 468**
Ander omvattende (verliese)/inkomste	**-**	**(6 247)**	**21**	**(6 226)**
Transaksies met eienaars, direk getoon in ekwiteit				
Bydraes van en uitkerings aan eienaars	**-**	**-**	**(24 952)**	**(24 952)**
Uitkerings aan aandeelhouers	**-**	**-**	**(24 952)**	**(24 952)**
Verandering van belang in filiale wat nie 'n verlies in beheer tot gevolg het nie	**-**	**-**	**21**	**21**
Aankoop van minderheidsbelang in filiaal	**-**	**-**	**21**	**21**
Totale transaksies met eienaars	**-**	**-**	**(24 931)**	**(24 931)**
Balans op 31 Desember 2010	**(29 903)**	**(11 376)**	**461 885**	**420 606**

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE BEDRYFSEGMENT VERSLAG

R'000	Ongeouditeerd vir ses maande geëindig 31/12/10	Ongeouditeerd vir ses maande geëindig 31/12/09	Geouditeerd vir jaar geëindig 30/06/10
Inkomste			
Vervaardiging en distribusie	**54 889**	47 999	94 008
Konsessie - Spur	**70 239**	63 094	124 411
Konsessie - Panarottis	**5 959**	5 578	10 751
Konsessie - John Dory's	**4 984**	4 497	8 847
Ander Suid Afrika	**9 709**	8 806	17 554
Totale Suid Afrikaanse segmente	**145 780**	**129 974**	**255 571**
Verenigde Koninkryk	**33 510**	30 086	56 080
Australië	**20 234**	16 291	30 013
Ander Internationaal	**3 778**	3 099	6 360
Totale Internationale segmente	**57 522**	**49 476**	**92 453**
TOTALE INKOMSTE	**203 302**	**179 450**	**348 024**
Wins/(verlies) voor inkomstebelasting			
Vervaardiging en distribusie	**24 018**	22 225	44 714
Konsessie - Spur	**60 941**	54 786	107 339
Konsessie - Panarottis	**3 728**	3 507	6 560
Konsessie - John Dory's	**2 309**	2 277	4 567
Ander Suid Afrika	**168**	(77)	(691)
Totale Suid Afrikaanse segmente	**91 164**	82 718	162 489
Ongeallokeerd - Suid Afrika	**(15 456)**	(15 150)	(28 220)
Totaal Suid Afrika	**75 708**	**67 568**	**134 269**
Verenigde Koninkryk	**(4 066)**	(257)	(12 396)
Australië	**(600)**	522	(1 807)
Ander Internationaal	**3 120**	2 653	5 287
Totale Internationale segmente	**(1 546)**	2 918	(8 916)
Ongeallokeerd - Internationaal	**(1 221)**	(1 974)	(2 424)
Totaal Internationaal	**(2 767)**	**944**	**(11 340)**
TOTALE WINS VOOR INKOMSTEBELASTING	**72 941**	**68 512**	**122 929**

Segmentele inligting vir die tydperk tot 31 Desember 2009 is herstateer om ooreen te stem met die segment klassifikasies aangebied vir die jaar tot 30 Junie 2010 soos per die jaarverslag vir die tydperk.

REKONSILIASIE VAN WESENSVERDIENSTE

R'000	Ongeouditeerd vir ses maande geëindig 31/12/10	Ongeouditeerd vir ses maande geëindig 31/12/09	% Verandering	Geouditeerd vir jaar geëindig 30/06/10
Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers	**48 748**	45 381	7.4	77 557
Wesensverdienste aanpassings:				
Waardedalings verlies op eiendom, aanleg en toerusting	-	-		7 994
Wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(9)**	(12)		(484)
Wesensverdienste	**48 739**	**45 369**	**7.4**	**85 067**

BYKOMENDE INLIGTING

	Ongeouditeerd vir ses maande geëindig 31/12/10	Ongeouditeerd vir ses maande geëindig 31/12/09	% Verandering	Geouditeerd vir jaar geëindig 30/06/10
Uitgereikte aandele (000'e) (nota 2)	**87 865**	87 865		87 865
Geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele (000'e)	**87 865**	87 865		87 865
Verwaterde geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele (000'e)	**88 166**	89 929		89 929
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**55.47**	51.65	7.4	96.82
Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent)	**55.28**	50.46	9.5	94.60
Netto batewaarde per aandeel (sent)	**478.70**	463.41	3.3	458.99

NOTAS

1. Die groep se interim verkorte gekonsolideerde finansiële state is opgestel in ooreenstemming met IAS 34 - Tussentydse Finansiële Verslagdoening. Die rekeningkundige beleid en berekeningsmetodes toegepas in die voorbereiding van hierdie finansiële state is in ooreenstemming met IFVS en konsekwent met dié wat toegepas is in die voorbereiding van die Groep se jaarlikse finansiële state vir die jaar geëindig 30 Junie 2010.
2. Aandele uitgereik min aandele teruggekoop deur beide 'n volfiliaal maatskappy en aandele-aansporings trust.

Direkteure: A Ambor (Uitvoerende Voorsitter), P van Tonder (Besturende Direkteur), M Farrelly, K Getz*, D Hyde*, P Joffe, M Kuzwayo*, K Madders MBE* (Brits), M Morojele*, K Robertson, R van Dijk. Maatskappy sekretaris: R van Dijk [* nie-uitvoerend]

Spur Corporation Beperk (Registrasienommer 1998/000828/06)

Aandele Kode: SUR
ISIN: ZAE000022653

Geregistreerde Kantoor: Waterford Mews 1, Century Boulevard, Century City, 7441
Oordragsekretaris: Computershare Investor Services (Edms) Bpk, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001

Borg: Sasfin Capital ('n Afdeling van Sasfin Bank Bpk)

www.spurcorporation.co.za

Spur Steak Ranches A taste for life
Panarottis Pizza Pasta Big on Family. Big on Pizza.
Everyone Loves John Dory's JOHN DORY'S FISH & GRILL

1664GS FYEJulie10/INTDec09/Afr